e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

2 Mei 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Trou is eintlik 'n fotografiese produksie!

Die huweliksformulier wys ons vanuit die Heilige Skrif dat *die huwelik 'n eerbare instelling van God is en dat dit Hom behaag*. Dis onteenseglik waar, maar reg aan die begin van 'n paartjie se huwelikslewe, by die huwelikseremonie, gebeur dinge soos dit *Die Fotograaf* behaag.

Ek is nou al amper by die punt dat ek vrede daarmee begin maak het dat my rol as huweliksbevestiger by 'n troue net bietjie meer as 'n noodsaaklike ergernis is. As Kurt Darren op die onthaal sing *Ek is 'n loslappie*, dan voel dit vir my: dis nou ekke daai!

Sien, deesdae by 'n troue is die heel, heel belangrikste persoon, dié een rondom wie alles draai, na wie se pype gedans moet word en wie se wense deurgaans gerespekteer moet word, nie die bruid nie. O nee, dis Die Fotograaf!

Kyk, sal Die Fotograaf vir die voornemende bruidspaar beduie, *al wat jy eendag gaan oorhou van jou troudag, is eintlik maar die foto's wat geneem is.* Hoe meer Die Fotograaf sien dat die bruidspaar instemmend knik, hoe hoër word die prys van die pakket gelaai. *Dis julle groot dag, julle verdien om dit te verewig met die Platinum Pakket!* Die Brons Pakket het eintlik meer ingepas by die begroting van die bruidspaar, maar uiteindelik val hulle vir die duurste pakket, want dan kan hulle teen 'n groot afslag 'n leergebinde fotoalbum ook koop.

Op die groot dag sal Die Fotograaf voorskryf hoe kort na middernag die bruid moet begin met haar voorbereidings. Alles maar alles moet afgeneem word: 'n wasige nabyskoot van die bruid se skoene, 'n sepia gekleurde foto van haar oorbelle, 'n swart-en-wit-skoot van die guitige strooimeisie wat die kousband aansit. Intussen is Assistent-Fotograaf besig om die bruidegom se mansjetknope, sy gepunte skoene, die ingewikkelde proses om die strikdas geknoop te kry, af te neem.

Na etlike ure van onophoudelike fotonemery, is dit nou tyd vir die seremonie. Die Fotograaf kom in 'n stofwolk by die kapel aangewaai en verduidelik gou vir almal waar hulle moet staan en wat hulle moet doen sodat hy onbelemmerd sy allerbelangrike werk kan doen.

Met huwelikskategese versoek ek telkens die paartjie om te reël dat die fotograaf nie foto's neem terwyl die Skriflesing en prediking gedoen word nie. Ek bevestig dit ook met Die Fotograaf as ek hom by die kapel raakloop. Sal so 'n opgeskote ventjie met 'n neusring en gejelde hare nie nou die dag vir my sê: *That's not possible. I have to shoot everything!* Ek was gelukkig nie gewapen nie, anders was hy dalk op meer as net een manier *opgeskote*.

Na die seremonie kom Die Fotograaf se oomblik van glorie. Nou neem hy oor. Vir die volgende twee na twee en 'n half uur annekseer hy die bruidspaar. Die arme gaste moet maar verveeld staan en met die gebruiklike vleispasteitjies en frikkadelle probeer keer dat hulle bloedsuikervlakke te laag daal.

Tydens die onthaal jaag Die Fotograaf tafel vir tafel na buite om 'n foto van hulle saam met die stralende paartjie te kry. Intussen is Assistent-Fotograaf iewers in 'n hoekie besig om foto's te neem van die gaste met sulke snaakse hoede en brille op. Uiteindelik, as Die Fotograaf besluit het hy het nou genoeg foto's, sal hy dalk toestemming gee dat die huweliksonthaal nou ongehinderd kan voortgaan.

Op my koffietafel lê 'n pragtige fotoalbum van my dogter se troue. Ek is so trots daarop en wys dit graag vir al wat leef en beef. Daar's foto's van alles en nog wat: van die skoentjies wat my dogter aangehad het tot prettige foto's van die gaste met sulke maskers op. Al ding waaroor ek spyt is, is dat daar nie 'n mooi foto van my geneem is terwyl ek preek nie...

Ds Etienne Fourie

(Donderdag 9 Mei is Hemelvaartdag. Die Sinodale Kerkkantoor is dan gesluit. Die *e-Hervormer* word dus volgende week op Woensdag 8 Mei uitgestuur.)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroepafwagtend

- Die Kommissie van die AKV het in die lig van die bilaterale ooreenkoms tussen die NHKA en die NG Kerk die aansoek van **ds HAA (Hein) Bertram** om beroepbaarstelling in die NHKA goedgekeur met onmiddellike effek. Hy kan gekontak word by **heinbertram@pcconnect.co.za**.

Vakante standplaas

- **Gemeente Turffontein in Johannesburg** beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante wat in 'n deeltydse hoedanigheid in die gemeente kan werk. Die gemeente bestaan uit 276 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 50 jaar oud is. Die omvang van die verantwoordelikheid en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die aansoeke te aanvaar of nie. Navrae kan gerig word aan die skriba, Lucas Roodt, by 011 436-0094 (h) naure of 078 456 0837. **Aansoeke sluit op 31 Mei 2013**. CV's kan gestuur word na **Andrew.lucas@iburst.co.za**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**.

- **Emeritusprof Jan Barkhuizen se oudste broer** is die oggend van Vrydag 26 April oorlede. Hy was 'n merkwaardige man wat op 17 die skool verlaat het nadat hul eie pa oorlede is, en hy het vyf broers en susters en hul ma onderhou. Self het hy hom in dieselfde maatskappy opgewerk en afgetree as deel van die bestuur. Hy was in Johannesburg en George lidmaat van die Kerk, en sy oudste seun het lank in die kerkraad in Johannesburg gedien voordat hy Nieu-Seeland toe verhuis het. Ons innige simpatie gaan aan prof Jan, ds Jan-Harm en die res van hul familie.

- **Oudl Fred Paynter, lid van die Kommissie van die AKV, se suster** is op Maandag 29 April oorlede. Ons innige simpatie gaan aan oudl Paynter en hul familie.

- **Ds Martin Slabbert van Philadelphia se vader** het op Maandag 22 April 'n beroerte gehad. Hy sukkel steeds om sy arm en been te gebruik en is nog in die Pretoria-Oos-hospitaal. Ons bid hom algehele herstel toe.

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Die versorging van persone met 'n spastiese gestremdheid is soms geweldig arbeidsintensief en uitputtend. Ouers en versorgers ly dikwels aan versorgingsuitbranding. Bied aan om soms te help met die versorging.

Aksiegroep Gestremdheid

- **Prop Antionette Janse van Rensburg** is op Sondag 14 April in Gemeente Wonderboompoort georden (foto links). Sy is vir die tydperk 1 Februarie tot 31 Mei 2013 vir diens in die gemeente benoem.

- **Prop Pierre Jacobs** is op Sondag 28 April in Gemeente Piet Potgieter in Mokopane (Potgietersrus) georden. Oudl Fred Paynter het gelukwense namens die Kommissie van die AKV oorgedra. Ds Jacobs sal die gemeente tydelik bedien.

- **Ds Piet Rautenbach**, tans van Nkana in Zambië, het versoek om terug te keer na Suid-Afrika. Hy sal dus ’n beroep na Suid-Afrika oorweeg. Ds Rautenbach kan gekontak word by **nhk@coppernet.zm**.

- Die Kommissie van die AKV het tydens hul vergadering van 20 April die versoek van die Ringskommissie van Heidelberg bekragtig en besluit om die standplaas van **Gemeente Villiers** van gedeeltelike versorging na deeltydse bediening te verander. Die versoek van die Ringskommissie van Johannesburg is ook bekragtig en daar is besluit om die volledig versorgde standplaas van **Gemeente Turffontein** na deeltydse bediening te verander.

- **AGB-wenk:** Baie ouer persone kan nie meer self êrens kom nie en het dus nie meer die geleentheid om met die mooi van die lewe in aanraking te kom nie. Indien enigsins moontlik, neem ’n huisgebonde ouer persoon in jou gemeente of gemeenskap af en toe na ’n mooi plekkie in die natuur, miskien terug na die plaas waar hy of sy grootgeword het, of na ’n opvoering waarvan hy of sy sal hou. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die AGB by 082 786 8448.

- ’n **Preekskets** wat **ds Johann C Marnewick** vir **Hemelvaart** geskryf het, is op Dinsdag 30 April aan predikante gestuur. Dit kan ook by Bybelstudiegeleenthede of saam met ’n eredienswerkgroep benut word. Die reeks preeksketse is bloot as hulpmiddel vir predikante bedoel, wat vry is om self te besluit of en hoe hulle daarvan gebruik kan maak. **Lidmate** kan gaan na **www.nhka.org** → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting oor die betrokke teksgedeeltes wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

- **Kerklike eiendom in Venterskroon.** Die Raad van Finansies het besluit om eiendomme wat nie ’n finansiële bydrae tot die roeping van die Kerk maak nie, te verkoop. Die Raad versoek enige persoon wat sou belangstel om ’n aanbod in te dien vir die eiendom te Venterskroon.
  Die eiendom: Groot 6,6 ha met drie geboue op waarvan 2 woonhuise is en een die ou polisiestasie. Al drie die geboue dateer uit die vorige eeu. Twee van die geboue is tevore gerestoureer, maar die derde een kort baie aandag. Daar is ook ’n tronk op die eiendom en nog ’n gebou wat voorheen ’n motorhuis was maar omskep is in kamers. Op die eiendom is ’n boorgat wat water voorsien aan die kampterrein, en daar sal waarskynlik ’n serwituut geregistreer word om watervoorsiening aan die kampterrein te waarborg. Hierdie is nie die grond waarop die kampterrein geleë is nie.
  Aanbiedinge: Rig die aanbiedinge aan Piet Beukes by Posbus 2368, Pretoria 0001 – verkieslik in ’n verseëlde koevert – **voor 24 Mei 2013**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Warmbad: Sondag 26 Mei om 09:00**
  60-jarige feesviering van die gemeente
  en 25-jaar-ampsjubileum van ds Marius Bacon
  Nagmaaldiens om 09:00 met vingerete na die diens
  Alle oudlidmate welkom
  Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 014 736 3124
  of oudl Van Dyk by 073 535 0160

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met doop Sondag
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 10 Mei, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 2 Mei: Prof Kálmán Papp (emeritus)
  - Vrydag 3 Mei: Ds Elritia le Roux (Outjo/Otjiwarongo)
  - Saterdag 4 Mei: Ds Pierre Roets (Springs-Oos)
  - Sondag 5 Mei: Di Johan Bester (Meyerton), Frik Engelbrecht (emeritus), drr Hein Delport (Krugersdorp) en Ernest Marran (Losberg)
  - Maandag 6 Mei: Ds Cobus Manders (Suidoos-Witbank)
  - Donderdag 9 Mei: Ds Leon Geel (Grimbeekpark), drr André Groenewald (buiteland) en Fanie Pretorius (emeritus)
  - Vrydag 10 Mei: Di Frans Ras (Windhoek), Fanie Swanepoel (emeritus) en Gert van der Merwe (beroepafwagtend)

Beplande vergaderings

- Donderdag 2 Mei: Taakspan
- Saterdag 4 Mei: Kommissie van die ADV
- Maandag 6 Mei: Raad vir SENTIK
  Finkom van Bejaardesorg
- Woensdag 8 Mei: Direksie van die Kinderhuise
- Vrydag 10 Mei: Moderamen

Kursusse en toerusting

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  4 en 5 Junie en **5 en 6 November**
  Tema: *Geloofsonderskeiding*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R350** per persoon **(Let wel: Nié R400 nie!)**
  Predikante wat VTT **in Junie** wil bywoon, moet mev Betsie Brits
  voor 20 Mei kontak
  Faks 012 420 4303 / Tel 012 420 5393 / **betsie.brits@up.ac.za**
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekeningnr 020 149 752, kode 63 20 05
  Verwysing 2013K VTT en naam van kursusganger

- **Interkerklike trauma-ondersteuningskamp**
  Vir naasbestaandes van slagoffers
  9-11 Augustus by Magaliesberg-kampterrein
  (minder as uur van Johannesburg, Pretoria en Rustenburg)

Inisiatief van Elize Perrin, suster van Mauritz Oberholzer
(Hy is in September 2012 in plaasaanval naby Brits vermoor)
Hooffasiliteerder: Ds Pieter Oberholzer, Weermagkapelaan
en predikant van NG Kerk Groenkloof
Koste: R550 per persoon (akkommodasie, etes en konferensiefasiliteite)
Bespreek by Elize by 072 600 5809
of **deoudepastorie.victoriawest@gmail.com**
Navrae oor inhoud van program aan Pieter by 082 332 5782
of **pieterjanob@gmail.com**

Beskikbare behuising

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamers 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Vrydag 10 Mei om 19:30: Gemeente Pierneef**
  Konsert met Bobby van Jaarsveld
  By Hoërskool Oos-Moot
  R100 per persoon, onbespreekte sitplekke
  Kosverkope vanaf 18:00
  Navrae by 072 416 2228

- **Vrydag 10 Mei om 19:00: Gemeente Witbank**
  Konsert met Jammies Jamneck (komediant) en sy kinders (kontreisangers)
  By Klipfontein-laerskool
  Vingerete ingesluit, wyn en koeldrank voor optrede en in pouse beskikbaar
  Volwassenes R100 elk, laerskoolkinders en jonger R50 elk
  Navrae aan Nick van Niekerk by 082 894 7916
  of Rachel Bothma by 013 697 0455

- **Saterdag 25 Mei: Gemeente Culembeeck**
  Manne-Oggend met prof Stephan Joubert as spreker
  In die Simfonie-ouditorium, Witpoortjie, Roodepoort
  R120 per persoon
  Bespreek by ds Annerie Conradie tel 083 291 4782

Kampe en toere

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 4 Mei vanaf 09:00 (inskrywings vanaf 06:30)**
  Gemeente Trichardtsfontein: *Race of Grace*
  60, 30, 10 km en kinderwedren
  Ondersteun deur Megchem Fietsryklub
  Met kuns en handwerk, lekker kos, dagsorg vir kinders
  Navrae aan **nhktrichardt@vodamail.co.za**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Kaapstad: Kosfees op Melkbosstrand**
  Vrydag 3 Mei om 17:00
  Afval, bobotie, krokette en vele meer te koop
  Konsert met Kaapse Walliese Mannekoor te Tygerberg
  Vrydag 31 Mei om 19:00
  Kaartjies R40 per persoon
  Navrae aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Basaars en markte

- **Vrydag 3 Mei van 17:00 tot laat**
  Gemeente Nigel: Basaar
  Op kerkterrein in Eeufeeslaan
  Verskeie kosstalletjies, geskenke en vakuumverpakte vleis
  Kom snuffel tussen die boeke terwyl u smul aan 'n sosatie!
  Kom bemark en verkoop u produkte, stalletjies beskikbaar teen R150
  Kontak Ronel by 011 814 3155

- **Saterdag 4 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Topgehalte vleis, heerlike eetgoed en baie ander items
  Wynproe op die terrein
  Gratis toegang tot die optrede van Jay en Lianie May
  Kompetisie om topvee of 'n bootreis of kontant te wen
  Kontak ds Attie Hattingh by 082 770 6862 of Ben van der Ryst by 082 372 7035

- **Saterdag 25 Mei 09:00 tot 14:00**
  Gemeente Mafeking: Diamantstormloop
  By Wouter de Vos Rugbystadion in die dorp
  Verskeie stalletjies en vlooimark
  Musiek deur Lichvaal Stereo vanaf die rugbystadion
  Verskeie diamante met gesamentlike waarde van R20 000 te wen
  Koop 'n kaartjie teen R100 en ontvang 'n pakkie diamantgruis

Sif die *vreemde* voorwerp daarin uit en kwalifiseer dalk om 'n diamant te wen!
Navrae aan Kallie of Nelia Landsberg (079 893 9031 of 083 665 6239)
Bemark en verkoop u produkte – stalletjies R300 elk
Navrae aan dr Annelie Botha (082 650 3494)
of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

- **Saterdag 1 Junie: Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort**
  Bosveld-musiekfees
  Maak 'n uitstappie van die dag en kuier heeldag saam met ons
  Daar is genoeg vermaak en kos
  Optredes deur Mwah, Adam en Theuns Jordaan
  Gratis
  Kontak Mientjie by 083 536 1530

ANDER NUUS

- **Sonitusskool vir Gehoorgestremdes: Damesdag**
  Saterdag 11 Mei om 09:00
  Riana Nel en verskeie uitstallers
  R130 per persoon
  Kaartjies by Miné 012 800 1161

- **Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid**
  Vrydag 7 Junie om 19:30
  in die Aula
  Romanz en Nianell
  Besprekings by skool
  012 800 1071 (kantoorure) /
  Marietjie 083 294 8246 (naure) / Lizet 082 550 6960

- **450 jaar Heidelbergse Kategismus**
  Gesprek oor die Kategismus tot versterking van geloof
  Datum: Maandag 17 Junie
  Plek: Gereformeerde Kerk Bellville, Broadwaystraat 6, Vredelust, Bellville
  Tyd: 17:00 tot 21:30 (aandete en verversings)
  Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word @ R25
  Sprekers: Dr Victor E. d'Assonville, dr Lourens Erasmus,
  dr Gerard Meijer, ds Erik van Alten
  Gespreksleier: Ds Coen Vrey
  Vir bespreking van ete: 021 911 5419 of **cca.vrey@telkomsa.net**
  Vir algemene navrae: 012 332 1196 of **gerardjmeijer@gmail.com**

- **Nuwe nasionale fondsinsamelingsprojek op 31 Mei.** Plakkers te koop @ R10 elk. Daar is 5 soorte plakkers te koop: diere; algemene welsyn in gemeenskap; kinders; gestremdheid; onderwys. Deur 'n plakker te dra op 31 Mei wys jy dat jy jou *belasting* betaal het ten bate van jou gunsteling niewinsgewende organisasie. Om seker te maak dat jou tekkies nie 'n verleentheid is nie, is daar 'n spesiale paar veters te koop @ R30. As deel van die plakker is daar ook 'n kleiner plakker wat jy op jou selfoon kan plak. Bestel jou plakkers van TOIBO. Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 / 082 560 5213.

- **ATKV Landwye Seniors 55 Talentkompetisie 2013**
  Het jou pa en ma, oupa en ouma, oom en tannie sing- en/of musiekspel- en/of storieverteltalent?
  Sing hulle onder andere ook 'n Afrikaanse Christenliedjie en/of speel Christenmusiek met enige musiekinstrument?

Vertel hulle van die Seniors 55 Talentkompetisie
Kyk na ’n video van die mediabekendstelling: Klik op die volgende skakel:
http://www.youtube.com/watch?=4ynrxBAWzTs&feature=youtu.be
Besoek ook die webwerf **www.tak.co.za**

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar **daar sal nie onderhandel word oor die uitleg** daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

Afgevaardigdes na die 6de ADV

Afgevaardigdes moet solank hul tassies pak vir die 6de ADV wat plaasvind van 22 tot 25 Mei by Gemeente Wonderboom. Dit is ’n geleentheid om na uit te sien omdat hierdie vergadering beloof om anders te wees.

Vanjaar se ADV begin met ’n dienswerkdag. Afgevaardigdes gaan besoek bring by Prinshofskool vir Gesiggestremdes en Doulos-armoedebediening, en die geleentheid gebruik om dienswerk daar te doen. So gaan die driejaarlikse vergadering oor barmhartigheidsdiens begin met werklike dienswerk! Die blootstelling aan diakonale diensorgane op hierdie wyse gaan diakens se insig en visie verbreed om terug te keer met vars idees vir barmhartigheidsdiens in jou omgewing.

Die registrasiekoste beloop R950 per persoon. Verblyf en ontbyt is hierby uitgesluit. Kontak Sonet Esterhuizen by 012 322 885 x221 gedurende kantoorure of by **diens@diakens.co.za** vir meer inligting.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel